

INLIGTINGSTUK OOR VERBETERINGE AAN DIE KERKKOMPLEKS TER WILLE VAN MEER EFFEKTIEWE BEDIENING

Van die onderstaande inligting is reeds aan u deurgegee. Dit is belangrike riglyne vir enige gesprekke en besluite oor verbetering aan die kerkkompleks:

- ✓ Die fokus van enige verbetering of verskuiwing is meer effektiewe bediening tot geestelike verdieping van die hele gemeente.
- ✓ Verskillende spiritualiteite moet beskerm word.
- ✓ Die ideaal is dat die gemeente een boodskap van die Here op 'n Sondag hoor.
- ✓ Die bywoning van die eietydse diens groei die afgelope 3 jaar met meer as 20% per jaar, terwyl die klassieke diens stabiel bly. Die beter bywoning en beperkte plek in die saal beteken dat die eietydse diens besig is om vol te word.

Die kerkgebou moet ingerig word om ook die eietydse diens te huisves. Verhoog, klank, plek vanwaar klank effektief beheer word, stoele, ligte ensovoorts moet aandag kry. Sodra die ruimte in die gebou gereed is vir die eietydse diens, gaan tandemdienste met dieselfde boodskap, wat herhaal word deur een dominee, in die kerkgebou gehou word. Voorlopig bly die 2 gelyktydige dienste soos tans funksioneer.

'n Jeugvriendelike lokaal is ook nodig. Daar word beplan om die konsistorie as multi-funksionele lokaal in te rig waar die jeug, maar ook ander groepe, kan vergader.

Na 'n proses waarin almal kon insette lewer, het die beplanner op Woensdag 30 Augustus vir ons die eerste planne met voorstelle gegee.

Op 26 September het ons met 'n klankkenner in die kerkgebou vergader.

Op Woensdag 27 September 2017 het 'n kerngroep, wat van die begin af deel van die proses was, 'n vergadering gehou oor verbetering aan die kerkkompleks. Die volgende aanbevelings is aan die beplanner gemaak vir die volgende stel planne:

Daar is besluit dat die volgende verbetering onder fase 1 moet aandag kry:

1. Kerkgebou

'n **Verhoog** met trappies word oor die hele voorkant van die kerkgebou gebou. Die verhoog moet hoog genoeg wees vir mense op die gallery om die spreker te sien.

'n **Klankkas** word in die kerkgebou voor bestaande klankkamer opgerig. Die moontlikheid word ondersoek of die huidige klankkamer 'n koffiepunt kan raak na die voorportaal se kant toe.

Moederskamer

Die huidige moederskamer word kindvriendelik gemaak.

Voorportaal/ingang na kerkgebou

Hierdie ruimtes moet warmer en vriendeliker ruimtes word.

Klank

Die kerkgebou se klankstelsel is verouder en klank kan met moderne tegnologie baie beter gemaak word. Die kerkgebou moet meer klankvriendelik vir die "band" gemaak word sonder om die orrel se effektiwiteit te verloor.

Beligting

Ligte vir die verhoog moet aangebring word. Die kerkgebou moet donker gemaak kan word by geleentede waar die behoefte daarvoor bestaan.

Beeld

Kyk na die moontlikheid om die beeld met 2 projektors weerskante van die houtkolom agter die bestaande preekstoel te projekteer.

Sitplekke

Huidige banke se bekleedsel kan meer eietyds gemaak word en die spons vervang word. Die moontlikheid om die huidige banke in die kantvleuels skuins te draai moet ondersoek word. Ondersoek ook die moontlikheid om die banke met stoele te vervang.

Vloerbedekking

Die vloer moet bedek word met gepaste matte.

Die groot houtbalk voor op gallery is waarskynlik tans te laag vir veiligheidsdoeleindes en belemmer sig.

2. Konsistorie – Multifunksionele lokaal

Bring skuifdeure na buite by die agterste muur (na die vallei toe) aan. Bou 'n dek onmiddelik buite die konsistorie. Omdat dit die kant is wat blootgestel is aan die meeste weer, moet gekyk word na 'n dak oor die dek en beskerming teen die weer.

Doelmatige data en klank, meubels, verhitting en vloerbedekking moet gedoen word.

Kombuisie

Die kantoor oorkant die huidige konsistorie moet verander word in 'n kombuisie/kitchenette vir funksies/vergaderings in die konsistorie.

3. Pakplek onder die verhoog in die saal.

'n Deur moet van agter die saal aangebring word sodat die ruimte onder die verhoog benut kan word as 'n pakplek.

4. Verbeterings vir latere fases:

Kerkkantoor

Badkamers

Kombuis

Dak oor vierkant

Nog 'n vloer/verdieping in die voorportaal van die saal

Ons wag nou vir planne vanaf die beplanner en sal almal op hoogte hou van verdere verwickelinge. Hierdie is 'n proses wat stapsgewys afgehandel sal word en waarvoor ons almal se voorbidding vra.

U is welkom om die leraars of kerkkantoor te kontak met enige terugvoer, vrae of voorstelle. U is ook steeds welkom om op die kerngroep, wat aandag gee aan verbeteringe, te dien.